1 Desember 2011

NUUSBRIEF 11/2011

Geagte Ouers

Aan die einde van ‘n baie bedrywige, maar ook suksesvolle jaar, wil ek en die personeel van Laerskool Thabazimbi, elkeen van u van harte bedank vir u wonderlike ondersteuning gedurende die jaar.

As ons terugkyk en die jaar in oënskou neem, besef ons dat die suksesse wat behaal is, alles net te danke is aan die genade van ons Hemelse Vader.

Neem asseblief kennis van die volgende sake:

1. **REëLINGS VIR LAASTE SKOOLDAG** : **2 DESEMBER 2011**

   Die akademiese program vir 2011 staak op Vrydag, 2 Desember 2011, en die reëlings vir die dag is soos volg:

07:15 – 08:50	Leersessie
08:50 – 09:10	Pouse
09:10 – 10:30	Skryfsessie Gr 4 – 7 en Afsluiting Gr R - 3
10:30 – 10:50	Pouse
10:50 – 12:00	Afsluiting Gr 4 – 7 in skoolsaal
12:00	Leerlinge verdaag

2. **RAPPORTE**

   - Rapporte is beskikbaar by u kind se klasonderwyser op Vrydag, 9 Desember 2011 tussen 08:00 en 10:00.

   - Indien u nie self die rapport kan kom afhaal nie, is u welkom om ‘n gefrankeerde koevert (seël en adres reeds aangebring) by u kind se onderwyser te laat sodat ons die rapport aan u kan pos.

3. **SKOOLTASSE**

Ons ondervind toenemend dat die kwaliteit skooltasse wat leerlinge gebruik, direk daarvoor verantwoordelik is dat die skool se handboeke beskadig word.

Ons doen 'n ernstige beroep op ouers om wanneer u 'n skooltas moet vervang, asseblief die korrekte tipe aan te koop (sien voorbeeld). Die skool het reeds in gesprek getree met die leweransiers van skryfbehoeftes en skoolvoorraad in die dorp om die regte tipe tasse aan te koop en dat dit sover moontlik bekostigbaar sal wees.

4. **HEROPENING VAN SKOOL**

Die skool heropen op Woensdag, 18 Januarie 2012 om 07:15. Die reëlings vir hierdie dag is soos volg:

- Gr R-leerders (van 2012) gaan direk na hul onderskeie klasse aangesien hulle reeds die vorige dag die skool besoek het en weet waar hulle ingedeel is.
- Gr 1-leerders (van 2012) tree voor hul klasse aan aangesien hulle reeds die vorige dag die skool besoek het en weet waar hulle ingedeel is.
- Gr 2 tot 4-leerders (van 2012) tree in die skoolvierkant aan sonder hulle ouers.
- Gr 5 tot 7-leerders (van 2012) tree op die teerblad voor die snoepie aan sonder hulle ouers.
- Alle nuwe leerders en hul ouers waarvan die kinders nog nie ingeskryf is nie of wat reeds ingeskryf is, maar vir 'n eerste keer by ons skool is, kom in die skoolsaal byeen.

Ten slotte wil ek en my personeel elkeen van u 'n vreugdevolle en geseënde Kersfees, toewens.

Groete

_____

Mnr J L M Venter
HOOF